Tema: Jy is die beeld van God in hierdie wêreld. Moenie dat sonde sy beeld in jou beskadig nie.

Vooraf sang
Lied 447: 1, 2, 3
Lied 464: 1, 3, 4.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 3-2: 1, 3, 5 (Mel Sb 18-6) ;
Votum
Groetseën
Sing: Ps 65-2: 1, 3;
Geloofsbelydenis.

Verootmoedigingsdiens
Wet: Fokus op 2de Gebod
HK Sondag 35 ;
Sing Ps 24-1: 1, 2
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Genesis 1: 26 - 28 en
Efesiërs 4: 17 - 5: 5
Teksvers: Efesiërs 4: 20 - 24
Sing Sb 10-1: 1, 2 (Mel Melita);
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Sb 20-2: 1, 5, 7
Seën;
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Die beskadiging van standbeelde en die eis dat sommige standbeelde, wat hoofsaaklik die blanke deel van die samelewing se geskiedenis verteenwoordig, verwyder word, het almal aan die praat! Jy kom agter dat hierdie optrede en die gesprek baie emosies by jou ontlok.

Ek het myself betrap dat ek kwaad word. Kwaad word vir onkunde, vir onnadenkende optrede en sommer net barbarisme. Ek het agtergekom dat ek verbitterd word omdat dit vir my voel asof ek as blanke Afrikaansprekende nie meer welkom in die land is nie. Met ʼn geskel en ʼn gevloek word rassisme in ʼn mens wakker gemaak.

Party word so kwaad en wil sommer baklei. Daar word oor en weer geskel en sleg gepraat van medemense. Ander voel bitter omdat die geskiedenis verkeerd vertolk word en nie deur almal aanvaar wil word nie. Die gebeure jaag die gevoel van rassisme op en jaag mense al hoe meer in kampe. Dis wit teen swart en swart teen swart as vreemdelinge uit ander lande hier aangeval, doodgemaak en verdryf word. Dit is vreemd dat sommige mense meer begaan is oor standbeeld van klip en yster as oor die lewe van medelandsburgers wat op plase vermoor en in swart woongebiede doodgekap en verbrand word.

Brs. en srs., ek moes myself afvra: het ek die reg om so te voel en so te reageer op hierdie gebeure? My eerste instink was om te dink: natuurlik het ek die reg! Ek is net so burger van die land soos enige ander en my taal en kultuur is net so deel van die verlede en die hede dat ek reg het om so te voel.

En toe ek my myself afvra: Maar wat sê God se Woord oor standbeelde en ons siening daarvan het ek twee keer moes dink. Is dit reg dat ek so dink en voel? Hoe moet ons reageer in die lig van alles wat gedoen en gesê word? Ons lees nêrens in die Bybel van standbeelde van mense (in die sin soos ons dit vandag het nie) nie maar net van klipstapels, of altare of die beeld van ʼn slang wat standbeelde is van wat God gedoen het. Nêrens van standbeelde van mense anders as net afgodstandbeelde nie.

Wat ons wel lees is dat ons na die beeld van God geskape is, ons is lewende beelde van God. Ons lees dat Christus die sondige beeld in my kom herskep het en dat ek hierdie nuwe beeld van God in die wêreld moet vertoon. Rooi of groen verf skend 'n standbeeld. Sondige gedagtes, emosies en optrede skend die beeld van God in jou lewe en dit mag ons nie toelaat nie!

Geliefdes, kom ons beoordeel ons emosies, woorde en dade in die spieël van God se Woord waar ons sy beeld sien en vra of ons nog soos ons Here lyk.

Paulus maak dit duidelik dat gelowiges anders optree as mense wat God nie ken nie en net leef volgens hulle eie sondige begeertes. Ons is na die beeld van God geskape.

Kinders, dit beteken nie dat ons soos God lyk nie. Ons is nie ŉ standbeeld wat God se voorkoms afbeeld nie soos Paul Kruger se standbeeld oorlede oom Paul se voorkoms uitbeeld nie. Nee, dat ons na die beeld van God geskape is, beteken dat ons soos God kan dink en soos God kan optree! Dat ons God kan ken en dat ons die vermoë het om dinge te doen soos God wil hê ons dit moet doen.

Daarom dat ons anders kan optree as mense wat nie in God glo nie. Alle mense is na die beeld van God geskape, maar diegene wat nie in God glo nie, laat toe dat die Satan en sonde God se beeld in hulle heeltemal afbreek sodat ŉ mens nie meer in hulle optrede iets van God sien nie, maar net dinge van die Duiwel.

Maar ons wat in God glo is nie so nie! Die Here Jesus Christus het juis gekom om ons sonde weg te neem en ons skoon te was sodat ons weer soos God kan dink en optree. Net soos hulle die standbeeld van Paul Kruger met groen verf bemors het net so bemors sonde God se beeld in ons! Maar Jesus het dit kom afwas! Nou is en kan ons skoon beelde van God wees.

Hoe moet ons dan dink en optree? Die Here sê eerstens ons moet daardie ou sondige optrede van ons soos vuil klere uittrek en weggooi en ons moet hierdie nuwe lewe wat Christus bewerk het, aantrek. En dit begin deur dat ons “die gees van ons denke” moet nuut maak. Ons moet reg dink oor ons lewe as beelde van God. Die Heilige Gees vernuwe ons om te besef – dat soos Christus sy lewe opgeoffer het om ons God se kinders te maak, moet ons ook alles in ons lewe opoffer om eerstens beeld van God te wees. Efes. 5:1 sê ons moet “navolgers van God wees”. Die Griekse woord wat hier gebruik word, is “mimiek”. Ons moet doen net soos God doen.

Brs. en srs., dit beteken, dat ek nie mag toelaat dat hierdie gebeure my kwaad maak en ek dan in my woede sonde dink en doen nie! Vanaf vers 25 beskryf Paulus presies hoe moet ons lewe nie lyk nie. Kom ons kyk na die lysie van vuil klere wat ons moet uittrek:
Ek mag nie kwaad word en sonde doen nie
Ek mag nie leuens vertel nie
Ek mag nie steel nie
Ek mag nie vuil taal gebruik nie! Ek mag nie vloek of iemand vervloek of skel in rassehaat nie!
Ek mag nie verbitterd word nie.
Ek mag nie opvlieënd of woedend word en mense links en regs veroordeel nie.

Brs. en srs., en dis presies die sonde wat ek in myself ontdek het die afgelope tyd! Dis hoe ek begin dink en voel het in die lig van die omstandighede in ons land! En nou sê die Here: ek mag nie so voel nie! Hierdie gedagtes en emosies bevuil my denke en dit beklad my dade! Hierdie sonde is groen verf wat God se beeld in my afbreek! Ons is geskape na God se beeld en ons moet Hom vertoon in al ons denke, woorde, emosies en optrede.

Brs. en srs., hiermee sê die Here nie, dat mense en hulle geskiedenis en hulle kultuursimbole en taal nie belangrik is nie! God het ons immers geskape as mense in

verskillende volke, tale en nasies. Ons moet dit ook as verskillende volke van mekaar waardeer en respekteer. Maar hierdie dinge en die manier hoe ek daaroor dink en dit gebruik: kan en mag nooit belangriker wees as die feit dat ek God se beeld in hierdie wêreld moet vertoon en soos God moet optree nie!

As ek my Afrikanerskap, my taal, my geskiedenis en my monumente bo God se beeld stel, dan sondig ek en dan volg ek die Here nie na nie! Hierdie dinge – soos wat God my geskep het en wil gebruik in die wêreld en in hierdie land as blanke Afrikaner – moet ondergeskik en diensbaar wees aan God se beeld in my! As ek dit belangriker maak as hoe God wil hê ek moet lewe: dan breek ek God se beeld in my af!

Hoe moet ek dan eerstens as gelowige, blanke Afrikaanssprekende beelddraer van God optree? Die Here gee vir ons in die tweede plek die lysie van nuwe klere wat ons moet aantrek om God se beeld te vertoon. As jy jou Bybel oop het, kyk saam met my vanaf vers 25. Hierdie is die heiligheid van die beeld van God in ons. Dat ons afgesonder vir God heilig lewe:
Ons moet die waarheid praat. Ons moet seker maak dat ons perspektief op hierdie sake die waarheid verteenwoordig en nie ŉ halwe en eensydige waarheid is nie.
Ons moet hard werk om ons lewensbestaan te verdien en nie lui wees en steel nie.
Ons moet altyd net praat wat goed en opbouend is en wat die mense met wie ons praat of oor wie ons praat – dat dit hulle ten goede kan wees! Dink nou oor ons dink en praat oor mense van ŉ ander taal, ras of kleur?

Ons moet goedgesind wees – dit beteken dat ons vrede soek en versoening tussen mense wil bewerk. Die Here sê immers in 2 Kor. 5 dat ons bedienaars van die versoening is. Ons moet mense met God versoen en met mekaar versoen! Dat ons meer besorgd sal wees of mense die Here ken en met mekaar in versoening wil lewe as wat ons standbeelde wat beskerm en met mekaar daaroor wil veg.

Tot ons beskaming, brs. en srs., moet ons besef: toe hierdie aanvalle en uitdrywing van vreemdelinge in Durban begin: wie was eerste daar om hulle by te staan? ŉ Moslem-gedrewe liefdadigheidsorganisasie was daar met hulp en ondersteuning! Waar was die kerk? Wat het ons nou al gedoen om te help?

Die vraag is dan: Kan ons regtig die beeld van God in die wêreld wees? Ja, ons kan! Want ons verbeeld die geregtigheid van God. Wat beteken dit? God het ons lief en Hy het ons in Christus sy beeld gemaak! Dit is ons geregtigheid: ons is in Christus God se beeld gemaak. Ons **is** die beeld van ons Vader! Ons moet leer om so te leef! En waar begin dit? Dit begin by liefde! Eerste by God se liefde! Ons Vader sê dit weer vir ons hier in Efesiërs 5: 2. Hy het ons lief as sy kinders en Hy leer ons liefde in Christus!

Liefde is immers die groot gebod: eerstens liefde vir God en tweedens liefde vir my naaste! Geregtigheid beteken ook dat ek reg teenoor my naaste lewe. Die Here sê dit weer hier in Efesiërs 5: 2: “lewe ŉ lewe van liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as offergawe gegee het, ja ŉ offer wat God aanneemlik was.” Br. en sr.,

dink daarom altyd eers oor jou liefde vir God jou Vader! Watter gedagte of idee of daad ook al by jou wakker word – meet dit eerste aan hoe lief jy God het! As ek regtig my liefde vir God wil uitleef: kan en mag ek so dink of praat of doen? Selfs oor dinge wat so na aan my hart lê soos my taal, my kultuur en my lewe as burger van hierdie land.

En as ek oor ander mense dink? Dan sê die Here: jy moet hulle eerste liefhê! Voor jy toelaat dat enige gedagte, woord of daad teenoor iemand by jou opkom – vra of dit antwoord aan jou liefde vir daardie mens!

Geliefdes, ons het nou gekyk in die spieël van God se Woord waar ons sy beeld gesien het. Kom ons gaan wees nou hierdie beeld van God in ons wêreld. As elke kind van God, wit of swart of geel of groen, sy beeld vertoon – dan sal God se wil weer in ons lewe en in ons land seëvier.

Amen